DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

OM IN JESUS TE WEES

PASTOOR JOHAN PUTTER

9 AUGUSTUS2015

NELSPRUIT

OM IN JESUS TE WEES

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 3

PERSPEKTIEF 3

SAMEVATTING 9

AFSLUITING 9

OM IN JESUS TE WEES

INLEIDING

Willem het verlede week in sy preek gemeld dat daar verskillende stappe in ‘n gelowige se pad van geloofsgroei kan wees soos:

1. Ons is diensknegte van die Allerhoogste God.
2. Ons kan vriende van Jesus Christus word.
3. Ons kan seuns en dogters van God word.
4. Ons is die bruid van Jesus Christus.

Willem het verlede week gesels oor wat dit kan behels om deel van die bruid van Christus te wees.

Paulus meld in Efesiers 6:2 dat u en ek, In Christus kan wees. Dit word soos volg in die Amplified Bybel gestel. “*And He raisedusuptogetherwith Himandmadeus sit downtogether [givingusjointseatingwithHim] in theheavenlysphere in Christ Jesus (theMessiah, theAnointedOne)”*

Ons meen dat daar ‘n verband kan wees tussen “In Jesus Christus” wees en om deel van die Bruid van Jesus Christus te wees, soos wat Willem verlede week oor gepreek het.

Daarom gaan ons vandag let op wat dit beteken om In Jesus Christus, in hemelse plekke te wees.

Daar is baie leringe oor hierdie onderwerp en baie van u is bewus van hierdie leringe. Ek gaan vandag op ‘n faset van om “In Jesus Christus” wees, fokus wat nog nie baie geleer is nie.Mag dit u geloof opbou en versterk!

Alvorens ons by die kern van die boodskap kom, is daar ‘n perspektief wat ek net met u wel deel.

PERSPEKTIEF

Wat het met Jesus gebeur nadat Hy na die hemel opgevaar het?

EF. 1: 20-22 (AMPLIFIED)

“Which He exerted in Christwhen He raisedHimfromthedeadandseatedHimatHisright hand in theheavenlyplaces,21 Faraboveallruleandauthorityand power anddominionandevery name that is named [aboveeverytitlethatcanbeconferred], notonly in thisageand in thisworld, but also in theageandtheworldwhich are tocome. 22 And He has put allthingsunderHisfeetandhasappointedHimtheuniversalandsupreme Head of thechurch [aheadshipexercisedthroughoutthechurch].

Jesus Christus leef. Hy het alle mag en gesag ontvang. Dit is baie belangrike inligting wat ‘n groot boodskap vir u en my gee. Mag en gesag word toegeken om iemand in staat te stel om dinge te doen. Jesus sit nie net aan God se regterhand om mooi te lyk en “nice” dinge te sê nie. Hy het mag en gesag ontvang om dinge te laat gebeur!

Jesus is ‘n heerser met ‘n missie!

‘n Aardse voorbeeld van om ‘n heerser met mag en gesag te wees, is byvoorbeeld Mr. Putin van Rusland. Hy het mag en gesag oor die Russiese weermag en kan dinge laat gebeur.

Die tweede ding van mag en gesag is dat jy dit binne ‘n bepaalde sfeer kan uitoefen. Mr. Putin oefen sy mag en gesag in Rusland uit, wat die staat Rusland en die grondgebied van Rusland insluit.

Wat is die sfeer en grondgebied waar Jesus in hierdie bedeling, Sy mag en gesag uitoefen? Ons lees in Ef 1:22 dat Jesus se sfeer die Kerk is. “*And He has put allthingsunderHisfeetandhasappointedHimtheuniversalandsupreme Head of thechurch [aheadshipexercisedthroughoutthechurch”.*

Alle organisasies het ‘n doel. Wat is die doel van die Kerk?

Om die mens vanuit die slawerny van Satan en die juk van die dood, na die Koninkryk van God te bring. Om verlore mense te red, om die wat in ‘n geestelike gevangenis is, daaruit te haal, om siekes te genees en om die genade jaar van God op aarde aan te kondig.

Gebeur dit sommer maar net vanself? Nee. Jesus se opdrag in Matt. 28; Gaan verkondig die Evangelie, maak mense My dissiples en doop hulle in die naam van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, is eintlik ‘noorlogsverklaring aan die koninkryk van die duisternis. Die kerk is Jesus se instrument in ‘n kosmiese oorlog.

Wie is die Kerk? Alle wedergebore gelowiges wat Jesus Christus as hulle Saligmaker aanvaar asook die organisasie wat ons gemeentes noem.

As u en ek die kerk is, wat maak dit ons? Ons is Jesus se “Soek en Reddingspanne” Ons soek ongelowiges en lei hulle na Jesus toe. Verder is ons God die Heilige Gees se instrumente om gelowiges te bevry, genees, te leer envir dienswerkte bekragtig.

Dit is dan wat die perspektief betref vir ons preek vandag.

GENADE VAN GOD

Om In Jesus in hemelse plekke te wees, is ‘n misterie. Vir ons om ‘n effense begrip te kry wat dit behels, meen ek moet ons eers ‘n sekere baie belangrike konsep verstaan. Dit is ‘n kritiese ding. As ons dit nie begryp nie, is dit baie moeilik om IN Jesus te wees.

Om moet ‘n begrip hê van God drie-enig se ondeurgrondelike en onbeskryflike onverdiende guns wat oor elkeen van ons uitgestort word. Die meer bekende woord in hierdie verband is genade of in Engels; “grace.”

Ons kan nie In Jesus wees, as ons dink dat ons enige meriete het om daar te wees nie.

Ons kan nie In Jesus wees as ons dink dat ons dit deur goeie dade verdien nie.

Ons kan nie In Jesus bly as ons dink dat ons iets moet doen om daar te bly nie.

As ons In Jesus is en God se genade nie verstaan nie, is die kans groot dat ons geestelik hoogmoedig kan raak.

Daarom is dit belangrik dat ons net ‘n paar dinge oor God se genade sê.

Die Apostel Paulus het in sy sendbrief aan die gemeente in Efese, sekere dinge oor genade geleer wat alles vir my mooi opsom. Dit is soos volg:

EPHESIANS 1:4 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“Even as [in Hislove] He choseus [actuallypickedusoutforHimself as Hisown] in Christbeforethefoundation of theworld, thatweshouldbeholy (consecratedand set apart forHim) andblameless in Hissight, evenabovereproach, beforeHim in love.”

God het u en my, voor die skepping al uitgekies en ons eenkant vir Hom gesit.

EPHESIANS 2:2 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“Andyou [He madealive], whenyouweredead (slain) by yourtrespassesandsins.”

God het ons uit genade lewe gegee toe ons die dood verdien het en dood was.

EPHESIANS 1:7 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“In Himwehaveredemption (deliveranceandsalvation) throughHisblood, theremission (forgiveness) of ouroffenses (shortcomingsandtrespasses), in accordancewiththerichesandthegenerosity of Hisgraciousfavor.”

Deur God se genade, het ons vergifnis, verlossing en bevryding ontvang.

EPHESIANS 2 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“Evenwhenweweredead (slain) by [ourown] shortcomingsandtrespasses, He madeusalivetogether in fellowshipand in unionwithChrist; [He gaveustheverylife of ChristHimself, the same newlifewithwhich He quickenedHim, for] it is by grace (Hisfavorandmercywhichyoudidnotdeserve) thatyou are saveddeliveredfromjudgmentandmadepartakers of Christ’ssalvation).”

As gevolg van God se onmeetlike genade, ontvang ons tweede kanse wanneer in ons geloofslewens faal.

EPHESIANS 1:18 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“By havingtheeyes of yourheartfloodedwithlight, so thatyoucanknowandunderstandthe hope towhich He hascalledyou, andhowrich is Hisgloriousinheritance in thesaints (His set-apart ones).”

In Sy genade, ontvang ons begrip vir ons wonderlike erfdeel wat ons in Jesus het.

EPHESIANS 1:19 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“And [so thatyoucanknowandunderstand] what is theimmeasurableandunlimitedandsurpassinggreatness of His power in andforuswhobelieve, as demonstrated in theworking of Hismightystrength.”

In Sy genade, ontvang ons begrip vir God se onmeetlike mag en grootheid.

EPHESIANS 1:9 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“Makingknowntousthemystery (secret) of Hiswill (of His plan, of Hispurpose). [Andit is this:] In accordancewithHisgoodpleasure (Hismercifulintention) which He had previouslypurposedand set forth in Him.”

In Sy genade, kan ons God se wil begin onderskei.

EPHESIANS 1:3 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“May blessing (praise, laudation, betothe God andFather of our Lord Jesus Christ (theMessiah) Whohasblessedus in Christwitheveryspiritual (given by theHolySpirit) blessing in theheavenlyrealm!”

U en ek het agv God se genade, alle geestelike seeninge wat daar in die hemel is, ontvang.

EPHESIANS 2:6 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“And He raisedusuptogetherwithHimandmadeus sit downtogether [givingusjointseatingwithHim] in theheavenlysphere in Christ Jesus (theMessiah, theAnointedOne)”

Is dit nie onbeskryflik nie, u en ek het in Jesus, toegang tot die hemelse sfeer.

Let wel, ons sit nie saam met hom of langs hom in die geestelike dimensie nie. Ons sit ook nie op ons eie in die geestelike dimensie nie. Nee ons sit IN Jesus, saam met Hom in die hemelse sfeer. Hierdie IN Jesus, is deel van die simboliek om bruid van Jesus te wees. Ons is een met Hom.

Nou dat ons hierdie dinge weet, is dit tyd vir die volgende vraag; **Hoekom betoon God al hierdie genade aan ons?** Omdat Hy ons onmeetbaar liefhet.

Het u al daaroor gedink, **wat behels hierdie liefde in die praktyk**?

Beteken dit dat ons In Jesus in hemelse plekke sit en net mooi te lyk vir Hom? Nee. Sit ons in Hom om te bid? Ek dink nie so nie. Is ons In Jesus in hemelse plekke net om sel byeenkomste en eredienste by te woon? Nee.

Ek dink daar is ‘n baie belangrike aspek van God se liefde wat belangrik word wanneer ons In Jesus begin leef.

Hierdie aspek is die feit dat God se liefde ook beteken dat God wil hê dat ons elkeen ‘n betekenisvolle lewe sal hê. Kom ek stel dit anders, Ons begin om ons roeping uit te leef. In Jesus is ons geroep om **goeie dade** te doen. Dit is die basis vir ‘n betekenisvolle lewe of om jou roeping uit te voer. Paulus verduidelik dit soos volg in Ef 2:10.

EPHESIANS 2:10 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

“Forwe are God’sownhandiwork (Hisworkmanship), recreated in Christ Jesus, [bornanew] thatwemay do thosegoodworkswhich God predestined (plannedbeforehand) forus [takingpathswhich He preparedahead of time],

thatweshouldwalk in them [livingthegoodlifewhich He prearrangedandmadereadyforustolive].

U en ek is deur God geroep om ‘n spesifieke taak of take uit te voer. As ons In Jesus leef, is dit wat ons begin doen.

Dit bring ons by ‘n baie belangrike aspek van ons geloofslewe. Is dit moeilik om goeie dade te verrig? Kan dit gevaarlik wees? Kan mens ernstig seerkry?

As ek om my rondkyk dan merk ek die volgende op;

1. Pastoor Andre Myburgh, ‘n ware man van God, kom op ‘n plek waar hy sy eie lewe neem.
2. Pastoor Francois van Hatfield Christelike Kerk, se vrou verloor haar verstand en word in ‘n gestig opgeneem.
3. Pastoor Wernich Swart ‘n uitstekende soldaat vir Christus, verloor die helfte van sy gemeente en beland in die hospitaal met hart probleme.

Ek kan vir u nog voorbeelde noem, maar die antwoord is na my mening, ja.

Indien ons begin om ons roeping uit te voer, betree ons die oorlogsteater. Dit is soos om vanaf jou huis na die oorlogsfront te gaan. (Skip in die hawe.)

Ons kan in die uitvoering van ons roeping wat God vir ons het, seerkry, skade kry, teleurstelling ervaar, siek word, en baie drama kry.

Moet dit ons verhoed om ons Goddelike roeping na te jaag? Net as ons lafaarde is.

Dit is in die stryd wat ons voer, die skade, verlies, siekte en drama wat ons ervaar, waar ons oorwinning kan behaal. Dis wanneer ons ‘n verskil in God se Koninkryk kan maak. Dis die pad na die bereiking van ons Goddelike roeping. Dis die pad na eer en glorie.

In die uitvoering van ons Goddelike roeping raak ons by iets groters as onsself betrokke. Ons lewens kry waarde en betekenis. Ons maak ‘n bydrae wat tot in ewigheid weerklank vind.

In die stryd wat ons voer, groei ons. Ons groei in liefde, ons groei in begrip en wysheid, ons groei in die geloof, ons groei in gehoorsaamheid. Ons groei na ‘n plek waar ons Jesus Christus meer en meer in ons lewens vergestald.

Dis ‘n plek waar ons Jesus beter en beter leer ken. Ons begin byvoorbeeld verstaan dat Hy liefde verteenwoordig, maar ook ‘n regter is. Dat hy die groot Geneesheer is maar ook die Heerser van die Hemelse Weermag.

Dit dan is die minder bekende betekenis van om IN Jesus in hemelse plekke te sit.

Is u en ek geroep om as individue die goeie stryd te stry? Ek dink nie so nie. Ek meen dat God ook nie so dink nie, want anders sou Hy dit nie nodig geag het om gemeentes tot stand te bring nie. Dit is in gemeente verband waar gelowiges mekaar kan opbou, adviseer en beskerm. Dit is in gemeente verband waar ons toegerus word vir dienswerk.

Het elke gemeente dieselfde doel in God se Koninkryk? Ek dink nie so nie. Byvoorbeeld, ons gemeente word deur ‘n swaar en baie sterk geboude 4x4 vragmotor gesimboliseer.

Ons doel is om moeilike paaie te ry om saam en In Jesus, baie spesifieke take tot opbou van God se Koninkryk te verrig.Kom ons vat saam;

SAMEVATTING

Ek het vanoggend probeer ‘n minder bekende maar baie belangrike aspek van om In Jesus in hemelse plekke te wees, met u te deel.

Dis die plek waar ons saam met Jesus en onder leiding van God die Heilige Gees, as God se soek en reddingspanne kan optree om verlorenes te soek, hulle na God drie-enig te lei, te genees, te bevry, te leer en vir dienswerk in God se Koninkryk toe te rus.

Dis nie ‘n plek vir geestelike babas nie. Dis nie ‘n plek vir tieners nie. Dis ‘n plek vir grootmense, vir geestelik volwasse mense.
Dis die plek van ‘n betekenisvolle lewe. Dis nie ‘n maklike plek nie, maar dis die regte plek.

AFSLUITING

Mag elkeen van julle In Jesus, ‘n uiters betekenisvolle lewe voer. Mag julle altyd in staat wees om terugslae en teleurstelling te oorkom. Mag julle in alles wat julle doen, dit tot eer en opbou van God se Koninkryk doen.

Amen